‘n Beter lewe vir Mams

Zulfah Otto-Sallies

MEMO

1.1. Solly. (1)
1.2. Sy hart voel swaar, hy’s siek van bekommernis (2)
1.3. Sesuur. (1)
1.4. Die treine gaan daardie oggend weer stampvol wees. (1)
1.5. Mannenberg is ‘n “township” aan die Cape Flats. (1)
1.6. Sy jongste broertjie, Yakoob. (3)
1.7. Wat gat o's maak, Mams? (1)
1.8. Drie jaar. (1)
1.9. Met vrystelling. (1)
1.10. Gebouwerk. (1)
1.11. ‘n Boy. (1)
1.12. ‘n Gewone een. (1)
1.13. Hy tel ‘n kombers op wat afgegly het, en gooi sy ma en boetie warm toe. (2)
1.14. Die plek en sukkel. (2)
1.15. Die fabriek maak toe. (1)
1.16. Solly het sy ma hoor snik. (1)
1.17. 12 / twaalf. (1)
1.18. R600 / Seshonderd rand. (1)
1.19. ‘n Staking by die groot bakkery in die stad. (3)
1.20. Hulle sal geweld gebruik. (1)
1.21. Hy vra net meer geld vir kos op hulle tafel en hulle het nog tyd om te staak. (2)
1.22. Kolom A by B
1.22.1. – C
1.22.2. – E
1.22.3. – D
1.22.4. – A
1.22.5. – B
1.23. Om hom deur matriek te kry.
1.24. Om universiteit toe gaan, ryk te word en vir sy ma ‘n groot huis te koop. (3)
1.25. Op Kaapstad se stasie. (1)
1.26. “Boy, hier’s te min sement hier bo.” (1)
1.27. “Boy se moer.” (1)
1.28. Xhosa. (1)
1.29. woorde uit die stuk...
    a. teetyd. (1)
    b. eenkant. (1)
    c. oorskietbobotie. (1)
    d. dun. (1)
1.30. Sabu. (1)
1.31. 'n Beker swart koffie. (1)
1.32. Met een van sy vriende. (1)
1.33. Hy verstaan Xhosa glad nie. (1)
1.34. ‘n Werk. (1)

1.35. Hy kan baie geld kry, vyfduisend rand / R5000. (1)
1.36. Hy moet duisend pille in Manenberg kan verkoop. (2)
1.37. Maak lat jy wegkom. (1)
1.38. Sy sal hom doodmaak. (1)
1.39. ‘n Boks met pakkies sigarette. (1)
1.40. Die dwelms is in die onderste pakkies. (1)
1.41. sy gedagtes heeltemal op 'n ander plek
1.42. China. (1)
1.43. Hy is een van die bendeleiers in Manenberg nie.
1.44. Een week. (1)
1.45. Twintigduisend rand / R20 000. (1)
1.46. Vyfduisend rand. (1)
1.47. Eenduisend rand / 1000. (1)
1.48. Vierduisend rand / 4000. (1)
1.49. PERSENTASIES
    a. 25%
    b. 5%
    c. 20%
    d. 20%
1.50. Hoe hy die geld aan sy ma gaan verduidelik. (1)
1.51. Hy besluit om ‘n beursie te koop en vir sy ma te sê hy het dit opgetel. (1)
1.52. Kruideniersware. (1)
1.53. Beyani. (1)
1.54. Saffraan. (1)
1.55. Sy ma is oorval van geluk en sy steek haar hande in die lug vir die genadigheid. (2)
1.56. Suleiman. (1)
1.57. Solly sê daar was nie 'n naam of niks by nie die beursie nie. (1)
1.58. Hy stap nog elke oggend vroeg uit die huis. (1)
1.59. Hy tref reëlings met China en die se maats. (1)
1.60. “Die Don”. (1)
1.61. Yusuf en Yakoob. (2)
1.62. Fietse. (1)
1.63. Solly gaan al meer saans uit. (1)
1.64. Die vroeë oggendure. (1)
1.65. Sy eie span werkers. (1)
1.66. Sy was histeries en wou hom uit die huis gooi. (2)
1.67. Hy skree op sy ma. (1)
1.68. Kolomme. (7)
1.68.1 – C
1.68.2 – D
1.68.3 – B
1.68.4 – A
1.68.5 – F
1.68.6 – E
1.68.7 – G

1.69. Waar of Onwaar.
1.69.1. Onwaar - Ek het jou nie soe grootgemaakkie.
1.69.2. Waar - Al het o’s net brood in die hys gehat, was ek dankbaar. (1)
1.69.3. Onwaar - Al hierie nuwe goete innie hys issie nodig nie.
1.69.4. Waar - Djy is die oudste.

1.69.5. Waar - En om tronk toe te gat vi' soe 'n stupid iets.
1.70. In die tronk. (1)
1.71. Om arm te wees. (1)
1.72. Asseblief. (1)
1.73. Om hom nie weg te stoot nie. (1)
1.74. Om hom by 'n n lykshuis te gaan moet uitken. (1)
1.75. Of hy hou op om dwelms te verkoop of moet haar huis verlaat. (2)
1.76. Hy weet sy ma gaan nie 'n oog toemaak voor sy hom by die voordeur hoor inkom nie. (2)
1.77. WAAR / ONWAAR
    a. Waar - Die volgende môre praat Solly en sy ma nie 'n woord met mekaar nie. (2)
    b. Onwaar - Solly weet goed sy brand om met hom te praat. (2)
1.78. "Jou skoon broek is innie kame." (1)
1.79. Dankie. (1)
1.80. Yusuf en Yakoob kry blinknuut skoolskoene en sweetpakke. Daar's nuwe meubels en 'n telefoon. (4)
1.81. Eid, Viering van die fees van Ramadaan. (1)
1.82. Niks. (1)
1.83. "Ek wenssie winter hou heeljaar aan, dan kan Solly toggie snags soe laat ytbly as dit soe reent nie." (3)
1.84. 'n wit Mercedes. (1)
1.85. Solly se ma klap die venster woedend toe. (1)
1.86. "My sjouffer". (1)
1.87. Dat hulle uit Mannenberg moet wegtrek. (1)
1.88. Sy skree dat sy niks met sy smokkelgeld te doen wil hê nie en gaan lê op haar bed. (2)
1.89. Hy toet drie keer. (1)
1.90. Sy spring verward uit die bed en gaan maak die deur angsbevange oop. (2)
1.91. Twee polisiemanne. (1)
1.92. Hulle slinger hom in die huis in en slaan die voordeur toe. (2)
1.93. Met twee miljoen rand se dwelms. (1)
1.94. Solly sê geen enkele woord nie en hy kyk net op die vloer voor hom. (2)
1.95. Om haar het alles in duie gestort. (1)
1.96. Sy huil onbeheerbaar. (1)
1.97. Niks. (1)
1.98. Sy vergewe hom. (1)
1.99. 'n Week later. (1)
1.100. Om te sê hy is jammer. (1)
1.101. Vir sy lewe nie. (1)
1.102. Na goeie werk. (1)
1.103. Vir huur, lig en water. (3)
1.104. Vir kos. (1)
1.105. Dit het hom gepla. (1)
1.106. Hy het gesien hoe gelukkig Yusuf en Yakoob is. (1)
1.107. Dat sy ma dit nie wou gebruik het nie. (1)
1.108. Klere en kos. (2)
1.109. Die enigste ordentlike iets. (3)
1.110. Sy ma omkoop nie. (1)
1.111. Om hom te vergewe. (1)
1.112. Niemand was bereid om hom 'n kans in die lewe te gee nie. (1)
1.113. Koud. (1)

1.114. Dat hy nie meer sy ma se geskellery kan hoor nie. (1)
1.115. Sy het die here gevra dat hy haar kinders op die regte pad moet lei en om hulle te beskerm teen boosheid. Sy he took gevra dat dat Yusuf en Yakoob dieselfde respek vir haar moet hê as Solly. (5)
1.116. Die hoogste respek en liefde. (2)
1.117. Yusuf en Yakoob mag nie dieselfde pad as Solly loop nie. (1)
1.118. Sy ma moet hulle alles vertel. (1)
1.119. Asseblief. (1)
1.120. Sy is te ordentlik vir hierdie plek. (1)
1.121. As hy so af en toe ‘n brief vban haar kan kry. (1)
1.122. Vergewe my. (1)
1.123. Die gelui van die telefoon. (1)
1.124. Solly is dood in sy sel aangetref. (1)
1.125. Hy is doodgesteek. (1)
1.126. ‘n Bakleiery in die sel. (1)

VRAAG 2

2.1. Omdat hy plek op die trein wil hê en betyds by die werk wil wees. (1)
2.2. Depressie, swaarmoedigheid, teneergedruktheid, ens. (1)
2.3. Hy het nie ‘n ordentelike werk nie en die fabriek waar sy ma gewerk het, het toegemaak dus is hy bekommerd oor waar hulle geld gaan kry vir basiese dinge soos kos op die tafel. (3)
2.4. Hy gaan laat wees vir die trein wat hy vat en dit gaan weer stampvol wees (2)
2.5. Sy broertjie slaap by sy ma wat beteken sy broertjie het nie een sy eie bed nie dus lewe hulle armoedig. Dit kan ook verwys na hoe naby die familie aan mekaar is. Dit kan ook verwys na die onsekerheid wat sy broertjie voel veral omdat Solly se ma die vorige aan gehuil het omdat sy nie meer ‘n werk het nie. (4)
2.6. Hy soek al drie jaar vir ‘n ordentelike werk want hy het matriek met vrystelling geslaag maar kon maar net werk kry as ‘n gewone arbeider wat gebouwerk doen. Hy dink hy verdien ‘n beter werk omdat hy matriek so goed geslaag het. (4)
2.7. Hy het hard gewerk om ‘n ordentelike matriek te kry wat beteken hy kon selfs universiteit toe gegaan het maar omdat daar nie finansies was nie, moes hy gaan werk en hy moes die eerste werk vat wat hy kon kry en dit was die van ‘n bouer. (4)
2.8. Sy pa was ook in die tronk dus was dit net sy ma wat vir hulle kon sorg en hy het werk gekry wat maar net R150-00 ‘n week betaal en sy ma het haar werk verloor. (3)
2.9. Solly het sy ma die vorige aan hoor huil. (2)
2.10. Sy pa is nie daar om hulle finansieël te help nie. (2)
2.11. Dit is te min geld vir alles wat hulle nodig het en daar is vier van hulle. (1)
2.12. ‘n Staking is wanneer werkers ophou werk as gevolg van iets waaroor hulle ongelukkig is. (3)
2.13. Die hele idée van ‘n staking is om produktiewiteit te stop totdat aan die werkers se eise voldoen word. As iemand anders in hulle plekke gaan werk sal dit nie die maatskappy kniehalter nie en sal daar nie aan hulle eie gehoor

gegee word nie. Dus sal hulle enige iemand wat in hulle plekke probeer gaan werk met geweld stop.

2.14. Op skool was hy die voorloper en ‘n leier wat geveg het vir reg en geregtigheid, maar nou is hy niks, hy is maar ‘n doodgewone arbeider. (3)

2.15. Hy dink hy wil maar net genoeg geld hê sodat hulle kos kan eet en die mans wat seer sekerlik ‘n baie beter salaris as hy verdien wil nog meer hê. Hy sal maar te bly wees as hy hulle salarisse kan kry. (2)

2.16. Hy was in dieselfde bootjie toe hy op skool baklei het vir reg en geregtigheid en gelyke regte dus kan hy verstaan dat die mans beter werksomstandighede sal wil hê. (4)

2.17. leier. (1)

2.18. In die apartheidsjare het anderskleurige kinders ‘n laer standaard van opvoeding gekry as wit kinders. Die swart en kleurlingkinders het gedink dit is onregverdig en het daarteen gerebeleer. (3)

2.19. almal. (1)

2.20. ‘n “state of emergency” of ‘n noodtoestand is ‘n ordinansie wat deur ‘n regering daargestel word vir alle burgerlikes om op hulle hoede te wees. Noodplanne word ook geïmplimenteer in geval van oproeringe of optogte. (2)

2.21. “boy” was ‘n neerhalende naam wat swart mans genoem was in die apartheidsjare. (1)

2.22. Hy wil nie sy werk verloor nie. (1)

2.23. Hy lag oor Solly se opmerking van die voorman en gedurende etenstyd gaan sit hy by Solly en gee vir hom koffie en hy maak grappe met Solly. (4)

2.24. Sabu kon sien Solly is nie gelukkig by die werk nie en hulle het hom R5000-00 rand belowe.

2.25. Solly het wel die weelderige lewe van dwelms-verkoop ervaar maar hy was toe wel gevang en is op die einde dood gemaak – alles wat met die tipe lewensstyl gepaard gaan. (3)

2.26. Hy weet dit is verkeerd en gevaarlik om dwelms te verkoop maar hy dink aan al die geld wat hy kan maak en daarmee kan hy en sy familie lekker lewe. (3)

2.27. Hulle verpak dit so in geval hulle gevang word en deursoek word. Die polisie sal dan dink dit is net ‘n karton sigarette. (2)

2.28. Hy is senuweeagtig oor die dwelms maar tog opgewonde oor die geld wat hy gaan maak. (2)

2.29. ‘n Rebel, wanaangepas, geweldpleger, negatiewe leier, onopgevoed, straatwys, rower, dief, skaker, ens. (5)

2.30. Hy was baie bang oor die hele dwelmverkoop-storie gedurende die week omdat dit gevaarlik is en dit het hom baie senuweeagtig gemaak maar hy is baie opgewonde oor die risiko van die dwelms verkoop en die geld wat hy gaan kry. (4)

2.31. Alhoewel hy ‘n bedrieër is, bewys hy tog hy het respek vir sy ma omdat hy nie wil hê sy moet weet van die lelike en gevaarlike ding wat hy doen nie en dus hoef sy nie bekommerd oor hom te wees nie. (3)

2.32. Sy is naief en het absolute vertroue dat haar kinders haar altyd die waarheid sal vertel. (2)

2.33. Hy het baie sakke kruideniersware gekoop. (1)

2.34. Sy bedank onwetend die Here dat haar seun ‘n dwelmsmous is. (1)

2.35. Sy het hulle geleer dat as hulle iets soos ‘n beursie optel dat dit aan die eienaar terugegee moet word as daar ‘n naam of kontaknommer in is. (3)

2.36. Sy lewe verander heeltemal. / Sy lewe is heeltmal anders as wat dit voorheen was. / Sy lewe is heeltemal die teenoorgestelde van wat dit

voorheen was. (1)

2.37. ‘n “Don” is die hoof van ‘n mafia-familie en die mafia is betrokke in georganiseerde misdaad. China en sy maats noem Solly “die Don” omdat hy aan die hoof is van die dwelmverkope, wat ‘n misdaad is, in hulle area. (4)

2.38. Dit is ‘n arm buurt omdat die kinders in die buurt nie weelde soos fietse het nie. (2)

2.39. Hy moet besigheid maak duer mense kry om die dwelms aan te verkoop en hy moet die verkope dophou. (2)

2.40. Toe Solly meer en meer goed gekoop het en meer geld huis toe gebring het en nie meer verskonings kon uitdink oor waar dit vandaan kom nie. (3)

2.41. Sy hele nuwe lewenssstyl is ‘n leuen. (1)

2.42. Sy wil nie hê haar seun moet ‘n krimineel wees nie en sy wil hom nie in die tronk sien nie en sy wil niks met enige iets wat onwettig is te doen hê nie. (3)

2.43. Hy wil aan haar probeer verduidelik hoekom hy dit doen. Hy wil regverdig wat hy doen. (1)

2.44. Solly se argument is dat hy nie wil sien hoe sy ma swaarkry nie. Tog kry sy juis emosioneel swaar omdat hy dit doen. (2)

2.45. Sy was dankbaar vir haar kinders, goeie gesondheid, ‘n huis oor haar kop en iets om te eet wat met geld gekoop is wat eerlik verdien is. (5)

2.46. Hy was ‘n vegter vir reg en geregtigheid toe hy op skool was dus het sy nooit kon dink dat hy ‘n krimeel sou wees wat soveel mense se regte en geregtighede skend nie. (2)

2.47. Solly waag sy lewe vir aardse goed en dit is onnodig want hulle het nie regtig al die weelde nodig nie. Hulle kom goed klaar met die bietjie wat hulle het. (3)

2.48. Die dwelmverkoper, wat Solly is, is niks anders as ‘n handlanger, arbeider, wat iemand anders verryk nie en is ook nie afhanklik van die dwelms nie omdat die verkoper self normaalweg nie ‘n gebruiker is nie. Daarom is dit stupid want hulle kry basies niks uit die situasie behalwe ‘n klein persentasie van die wins nie. (5)

2.49. Hy was in die tronk. (1)

2.50. Frustrasie, hartseer, misnoeë, teleurstelling, sy is desparaat, ens. (5)

2.51. Sy stem glad nie met hom saam nie. Sy wys haar afkeur van wat hy gesê het. (2)

2.52. Met die tipe lewenssstyl van dwelms verkoop kom allerhande gevare en hy kan doodgemaak word. (2)

2.53. Of hy hou op om dwelms te verkoop of hy moet ‘n ander plek kry om te bly. (2)

2.54. Sal nie kan slaap nie. (1)

2.55. Sy is bekommerd en slaap eers wanneer sy hoor hy is veilig by die huis. (2)

2.56. Hy is klaar te diep betrokke in die hele dwelmbesigheid. (2)

2.57. Hulle praat glad nie met mekaar nie. / Hulle sê niks vir mekaar nie. (1)

2.58. Solly weet sy ma wil baie graag met hom praat. (1)

2.59. Hy koop baie nuwe goed. / Daar is baie nuwe goed in die huis. (1)

2.60. Sy hou glad nie van wat sy sien nie en stel glad nie belang in die nuwe goed nie want sy weet waar dit vandaan kom. (3)

2.61. Sy wil nie sê war dit vandaan kom nie want sy kan Solly in die moeilikheid laat beland en sy voel skaam oor haar seun wat ‘n dwelmsmous is. (2)

2.62. Sy wil nie hê Solly moet uitgaan om dwelms te gaan verkoop nie. (2)

2.63. Die kar wat hulle gekoop het is nie nuut nie maar hy lyk nog baie goed. (2)

2.64. Hy wil spog met die kar. (1)

2.65. China ry hom orals rond. (1)

2.66. As jy eers met dwelms deurmekaar geraak het kom jy nie los daarvan nie. Die geld wat ky kry is nooit genoeg nie. (3)
2.67. Niemand klop so laat en so dringend aan ‘n mens se deur so laat in die nag nie, tensy dit slegte nuus is. (2)
2.68. Die polisie is het geen genade met mense wat dwelms verkoop nie. (2)
2.69. Hoe meer dwelms die polisie aan ‘n verkoper kry, hoe erger word dit beskou omdat dit bepaal hoe lank die persoon tronk toe gaan omdat hulle soveel meer skade kan aanrig met die kwantiteit dwelms wat hulle verkoop. (4)
2.70. Hy is skaam en voel verleë omdat hulle hom na sy ma toe gebring het. (2)
2.71. Wat sy voorspel het gaan gebeur het nou gebeur. Haar seun, wat ‘n baie jong man is, is gevang en hy gaan vir ‘n baie lang tyd tronk toe gaan. Solly se hele lewe is nou geruïneer. Solly was ook die enigste een wat geld verdien het waarvan hulle kon lewe. (4)
2.72. Dit is roetine vir polisie om die dwelmverkopers se huis te deursoek omdat hulle baie keer hulle dwlems daar wegsteek. (3)
2.73. Solly het ten minste genoeg respek vir sy ma gehad om nie die dwelms wat hy verkoop het na haar huis toe te bring nie. (2)
2.74. Sy het nie vir hom gesê sy vergewe hom nie, sy het dit net gedink. (2)
2.75. Hy wil nie jok deur te sê hy is jammer nie want hy is nie jammer hy het dwelms verkoop nie. Hy het gehou van die baie geld wat hy gemaak het toe hy dwelms verkoop het. Hy is eerder jammer hy is gevang. (3)
2.76. Dit het hom seergemaak en ontstel. (2)
2.77. Dit is ten minste beter as om in die tronk te wees, al is dit ook nou haar geskellery en deur dit te doen het sy gewys sy gee om. Hy mis dus ook die feit dat iemand omgee. (4)
2.78. Solly se ma, mevrou Abrahams, het gevra dat haar kinders teen boosheid beskerm moet word, maar dit het nie gebeur nie want Solly het by dwelmverkope betrokke geraak. Sy het ook gevra dat haar seuns haar moet respekteer en al drie haar seuns het die hoogste respek vir haar. (4)
2.79. Hy verstaan nou eers dat tipe lewe die nie so glansryk is nie en wil nie hê hulle moet dieselfde dinge as hy ervaar nie. (3)
2.80. Hy voel skaam en hy het het te veel respek vir sy ma. (2)
2.81. Dit het ‘n spesiale betekenis vir haar want dit is ‘n brief van haar seun waarin hy alles erken en verskoning vra en sê hoe hy oor haar voel. (4)
2.82. Sy is deurmekaar en verward. (2)
2.83. EIE OPINIE. (2)
2.84. Op skool was hy in die tronk omdat hy iets goeds gedoen het en nou is hy in die tronk omdat hy iets slegs gedoen het. (4)

VORMASPEKTE

3.1. Alomteenwoordige verteller. (1)
3.2. As jy enige iets met dwelms te doen het is die uiteinde die dood. (2)
3.3. Morbied, teneergedruk, (1)
3.4. Solly het baie hard gwerk om ‘n goeie matriek te kry maar het nie geld gehad om universiteit toe te gaan nie wat veroorsaak het dat hy moes werk het as ‘n arbeider waar hy maar R150 ‘n week gekry het wat veroorsaak het dat hy teneergedruk gevoel het en wat tot gevolg gebring het dat hy baie maklik beïnvloed was om dwelms te verkoop. Die oorsaak dat Solly baie gled gemaak het het tot gevolg gehad dat sy broers baie gelukkig was. Die oorsaak dat Solly dwlems verkoop het, het die gevolg gehad dat hy en sy ma nie meer met mekaar praat nie. Die feit dat hy dwelms

verkoop het, het veroorsaak dat hy gevang was wat tot gevolg gebring het dat hy tronk toe gegaan het wat tot gevolg gebring het dat hy doodgemaak is. (10)